DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK IN KORT

INHOUD

Klik op die skakel om die gedeelte te lees

Klik op die regterkantste afpyl om deur die blaaie te blaai

PREDIKANTE

SEREMONIëLE_SLEUTEL

ORREL

KERKSAAL

KANSELBYBELS

OORSPRONKLIKE LIDMATE

EERSTE KATKISANTE

DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEMEENTE IN KORT

Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord het op 15 Oktober 1961 van die Gereformeerde Gemeente Bloemfontein-Wes (tans Vleuels) afgestig.

Die gemeente is dus vanjaar (2014) 53jaar oud.

Die eerste predikant was ds JLJ (Lood) Snyman (1962 – 1965) wat later deur ds JJ de Wet Kruger (1966- 1970) opgevolg is. Dr HA (Hubrecht) van Dalsen (1971 – 1998) was vir 27 jaar die predikant , waarna hy in 1988 geëmeriteer het en steeds in die gemeente woonagtig is. Ds TJ (Theuns) Potgieter (1998 – 2008) is in Mei 1998 as die vierde predikant hier bevestig. In Mei 2008 het hy 'n beroep aanvaar en is opgevolg deur ds WJ (Kobus) Botha (2008 -) as vyfde predikant .



Terug na Inhoud

Die kerkgebou is op 25 September 1965 in gebruik genee

In die Volksblad van 27 September 1965 het 'n goeie berig daaroor verskyn:

DIE NUWE KERK van die Gereformeerde gemeente Bloemfontein-Noord word oopgesluit. Die plegtigheid het Saterdagmiddag plaasgevind. Van links verskyn mev. (ds.) J.L.J. Snyman wat die kerkdeur oopgesluit het, ds. J.L.J. Snyman, predikant van die gemeente, en prof. S. du Toit, hoogleraar aan die Universiteit van Potchefstroom en seun van wyle dr. S.J. du Toit (Totius).

Die seremoniële sleutel waarmee mev Snyman die kerk oopgesluit het, is gedurende 2012 deur haar aan die kerk gestuur en is aangebring in die voorportaal van die kerk. Die gemeente is dankbaar dat hierdie stukkie geskiedenis beware gebly het.

Terug na Inhoud

Die orrel is die aand van 25 September 1965 in gebruik geneem. Die orrel is deur die susters van die gemeente geskenk en deur sr Hettie Venter amptelik aan die kerkraad oorhandig tydens 'n uitvoering die betrokke aand.

Terug na Inhoud

Die kerksaal is op 28 Februarie 1988 in gebruik geneem met die hoeksteenlegging deur dr Hubrecht van Dalsen. Die saal is dus vanjaar (2014) 26 jaar in gebruik.

Terug na Inhoud

Daar is ook **twee Kanselbybels**, een 1933-vertaling en een 1983-vertaling: Die eerste een is geskenk deur br Frans en sr Ellen Coetzee en is met die inhuldiging van die kerkgebou deur hulle op die kansel geplaas. Br Frans was blind. Die tweede is deur br Wikus Vorster geskenk toe hy 20 jaar lank koster van die gemeente was.

Terug na Inhoud

Vier van die **lidmate wat by afstigting** in 1961 lidmate geword het, is nog steeds deel van die gemeente: Hulle is br Chris en sr Susan Venter (links) , sr Madeline Venter (regs agter) en br Dawie Mynhardt (regs voor). Br Dawie was ook lid van die boukommissie.

Terug na Inhoud

Twee van die **eerste drie katkisant**e is ook nog lidmate van die gemeente: Emmie Smit (vd Walt) – middel en Whitey vd Walt (regs). Hier is hulle saam met Sunet Kruger (van Zyl) links.

Terug na Inhoud